NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

AARDRYKSKUNDE: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

Hierdie nasienriglyne is voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore, wat 'n standaardiseringsvergadering moet bywoon ten einde te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word gedurende die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal nie oor enige nasienriglyne in enige gesprek tree of korrespondensie voer nie. Daar word toegegee dat daar verskillende menings oor sekere sake van beklemtoning of detail in die riglyne mag voorkom. Daar word ook toegegee dat indien die standaardiseringsvergadering nie bygewoon word nie, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2024

Punte moet toegeken word in lyn met:
- die spesifieke inhoud van die punteskema of die generiese vlakbeskrywings wat van toepassing is op die vraag.
- die spesifieke vaardighede wat in die punteskema of generiese vlakbeskrywings van die vraag gedefinieer is.
- die standaard van die antwoord wat verwag word van 'n kandidaat soos wat die voorbeelde van die gestandaardiseerde vraestelle voorstel.

Bepunting moet **POSITIEF** gedoen word
- Punte word toegeken vir korrekte / geldige antwoorde.
- Krediet word toegestaan vir antwoorde wat geldig is en wat wyer strek as die raamwerk van die sillabus (verwys eersgenoemde na die Senior Subeksaminator of Eksaminator soos nodig).
- Punte word toegeken wanneer die kandidate duidelik bewys toon van hulle kennis en waartoe hulle in staat is.
- Punte word nie afgetrek vir foute nie.
- Punte word nie afgetrek vir weglatings nie.
- Die spelling, interpunksie en grammatika word alleenlik in die antwoorde gemerk wanneer dit spesifiek geassesseer word volgens die punteskema. Die betekenis moet nog steeds ondubbelsinnig wees.

Reëls moet konsekwent toegepas word, bv. gevalle waar kandidate nie instruksies gevolg het nie of in die toepassing van die generiese vlakbeskrywers.

Die volle spektrum van punte, soos gedefinieer in die Nasienriglyne vir die vraag, moet gebruik word (alhoewel die volle spektrum van punte beperk mag word deur die kwaliteit van die antwoorde van die kandidate).

Punte word alleenlik toegeken soos wat dit in die Nasienriglyne uiteengesit word.
Punte mag nie met inagneming van die drempels vir die graad of graadbeskrywers toegeken word nie.

Wanneer 'n hoërorde vraag gemerk word, moet die koderingstelsel vir opstelle asseblief gebruik word. Sodoende is die modereringsproses meer konsekwenter, regverdiger en makliker.

Kodes wat gebruik word wanneer opstelle in Geografie gemerk word
U – Uitstekend
G – Goed
A – Aanvaarbaar
V – Vaag
H – Herhalend
O – is irrelevant

IEB Copyright © 2024

AFDELING A	**GEÏNTEGREERDE VRAAG: NOORDWES PROVINSIE EN ONTGINNING VAN CHROOM**		
VRAAG 1	**FISIESE GEOGRAFIE**		
1.1	**Subtropiese antisiklone en verwante weerstoestande**		
Bestudeer Figuur 1 en voltooi die volgende vrae deur die korrekte antwoord vir elke vraag te kies. Merk die korrekte antwoord.			
1.1.1	Figuur 1 stel wintertoestande voor omrede daar 'n … is. A laagdruk naby Angola B hoogdruk oor die binneland C tropiese sikloon in die Indiese Oseaan D laagdruk oor Madagaskar	B Hoogdruk oor die binneland	
1.1.2	Die naam van stelsel **A,** wat veroorsaak dat daar onbewolkte toestande oor die binneland is. A Suid-Atlantiese hoogdruk B Suid-Indiese hoogdruk C Kalahari hoogdruk D Benguela hoogdruk	C Kalahari hoogdruk	
1.1.3	Die laagdruk **B** naby Durban staan bekend as 'n … A tropiese sikloon B kuslaagdruk C laagdruktrog D willy willy	B Kuslaagdruk	
1.1.4	Die laagdruk wat in Vraag 1.1.3 genoem is, veroorsaak winde wat bekend staan as … A monsoenwinde B bergwinde C chinook D straalstroomwinde	B Berg	


IEB Copyright © 2024

1.1.5	Die winde wat in Vraag 1.1.4 genoem is, word … verwarm. A adiabaties B katabaties C volgens Boyle se wet D deur drukgradiëntvloei	A Adiabaties	
1.2 **Stadsklimaat**			
Bestudeer Figuur 2, wat temperatuurdata vir die gebiede in die omgewing van die dorpie Brits in die Noordwes provinsie vertoon.			
1.2.1	Identifiseer die gebied met die …		
(a)	hoogste seisoenale temperatuurspeling.	Brits (Stedelik)	
(b)	laagste gemiddelde temperatuur.	Rheeders Sanddrift (Landelik)	
1.2.2	Verduidelik waarom die stedelike gebied van Brits 'n hoër temperatuur het.	Brits is meer stedelik en daarom is daar meer kunsmatige oppervlaktes wat veroorsaak dat daar meer absorpsie van die son se strale en meer hitte in die gebied is.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** • **1 punt** as die antwoord oppervlakkig is en net algemene kennis en begrip toon. • **2 punte** vir 'n ontwikkelde antwoord wat die inhoud deeglik dek.
1.2.3	Verduidelik waarom die atmosferiese druk in hierdie gebied in Julie hoër is.	Dit is weens die hoogdruk wat veroorsaak dat daar dalende lug in hierdie streek is.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** • **1 punt** as die antwoord oppervlakkig is en net algemene kennis en begrip toon. • **2 punte** vir 'n ontwikkelde antwoord wat die inhoud deeglik dek.
1.2.4	Ondersoek die impak van atmosferiese druk op reënval in die gebied.	Die dalende lug sal die vorming van wolke en reën verhoed.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** • **1 punt** as die antwoord oppervlakkig is en net algemene kennis en begrip toon. • **2 punte** vir 'n ontwikkelde antwoord wat die inhoud deeglik dek.

IEB Copyright © 2024

1.2.5	Evalueer die verband tussen die grondgebruik en die gemiddelde temperature in Januarie en Julie in elke gebied.	Hoe meer stedelik 'n gebied is, hoe warmer is dit in beide Januarie en Julie. Die temperatuurspeling is kleiner in die gebiede wat meer landelik is.	**Hierdie is 'n konsepvraag** Kandidate moet bewys dat hulle die konsep verstaan. **Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.** • **1 punt** – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie. *Indien slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)* • **2 punte** – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking. • **3–4 punte** – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat bewys dat die onderwerp wat betref konsep en kennis baie goed begryp word. Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.

IEB Copyright © 2024

1.3	**Valleiklimaat**		
1.3.1	Op watter EEN van die hellings sal jy bou, **C of D**?	C	
1.3.2	Verduidelik jou antwoord op Vraag 1.3.1.	Hierdie helling is 'n noordgerigte helling en daarom is dit warmer en kry ook meer lig.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** • **1 punt** as die antwoord oppervlakkig is en net algemene kennis en begrip toon. • **2 punte** vir 'n ontwikkelde antwoord wat die inhoud deeglik dek.
1.3.3	Teken 'n goed-benoemde diagram van 'n inversie in 'n vallei op 'n wolklose nag.		
			

1.4 **Fluviale Proses**			
Bestudeer Figuur 4, wat die verskillende maniere waarop vrag in 'n rivier vervoer word, wys			
Bestudeer Figuur 4 en voltooi die volgende vrae deur die korrekte antwoord in elke vraag te kies. Merk die korrekte antwoord.			
1.4.1	Die area wat **D** benoem is staan bekend as die … A thalweg B rivierbedding C kanaal D rivierkronkel	B Rivierbedding	
1.4.2	Die proses by **E** wat die vervoer van die rivier se vrag uitbeeld, staan bekend as … A oplossing B suspensie C saltasie D traksie	D Traksie	
1.4.3	Watter tipe erosie sal heel moontlik by **E** voorkom? A Hidroliese aksie B Abrasie C Korrosie D Attrisie	D Attrisie	
1.4.4	Die proses wat die vervoer van die vrag by **F** uitbeeld, staan bekend as … A oplossing B suspensie C saltasie D traksie	B Suspensie	
1.4.5	Die vloeispoed by **G** word gemeet in ... A km/h B kumeks C liters D meter per sekonde	B Kumek	

IEB Copyright © 2024

<table>
<tr><th colspan="4">1.5 Dreineerstelsels in Suid-Afrika</th></tr>
<tr><td colspan="4">Bestudeer Figuur 5, 'n kaart van die Hartbeespoortdam al met die Krokodilrivier langs en die omliggende stedelike aktiwiteite</td></tr>
<tr><td>1.5.1</td><td colspan="3">Beskryf die volgende kenmerke van die Krokodilrivier suid van die Hartbeespoortdam:</td></tr>
<tr><td></td><td>Patroon</td><td>Dit is 'n dendritiese patroon</td><td></td></tr>
<tr><td></td><td>Stroomdigtheid</td><td>Medium digtheid</td><td></td></tr>
<tr><td></td><td>Stroomorde</td><td>3de</td><td></td></tr>
<tr><td>1.5.2</td><td>Verduidelik hoe die Krokodilrivier 'n geërfde rivier geword het.</td><td>Die rivier loop deur Magaliesberg. Die berge het miljoene jare terug gevorm en is toe bedek deur sedimentêre lae. Die rivier het daarna oor die lae geloop en hierdie lae is geërodeer en die berge daaronder is blootgelê. Die rivier het dwarsdeur die berge gesny tydens die erosieproses en het nie sy loop verander om aan te pas by die geologie nie.</td><td>Hierdie is 'n konsep vraag
Kandidate moet bewys dat hulle die konsep verstaan.
Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.
• 1 punt – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie.
Indien slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)
• 2 punte – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking.
• 3–4 punte – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat bewys dat die onderwerp wat betref konsep en kennis baie goed begryp word. Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.</td></tr>
</table>

IEB Copyright © 2024

1.6	**Bestuur van die rivier en opvangsgebied**		
1.6.1	Waarom sal menslike aktiwiteite die hiasinte se groeispoed versnel?	**Verryking deur nutriënte:** • 'n Oormaat nutriënte soos stikstof en fosfaat beland in die water a.g.v. menslike aktiwiteite soos landbou-aktiwiteite en die gepaardgaande landbou-afloop, rioolafloop en nywerheidsafval. • Waterhiasinte gedy in omgewings wat ryk is aan nutriënte en so word vinnige groei en voortplanting gestimuleer. **Veranderde hidrologie** • Menslike veranderinge aan die natuurlike patroon van water se vloei deur bv. konstruksie van damme, besproeiingstelsels, en veranderinge aan dreinering, kan stilstaande of stadig-vloeiende watermassas tot gevolg hê. • Waterhiasinte verkies kalm water en kan in sulke omstandighede vinnig versprei en die drywende matte waterhiasinte kan maklik die oppervlak bedek. **Inbring en verspreiding:** • Menslike aktiwiteite kan onwetend waterhiasinte in nuwe gebiede inbring. Byvoorbeeld, die plant kan vervoer word deur bote, toerusting en visvanggereedskap of besoedelde bronne van water. • Wanneer waterhiasinte eers in 'n gebied ingebring is, kan hulle vinnig voortplant, aangehelp deur die vermoë om vegetatief deur stolone en dogterplante te reproduseer. **Gebrek aan natuurlike vyande:** • Menslike aktiwiteite kan die natuurlike balans in ekosisteme versteur en dan lei dit tot die afname in of verwydering van natuurlike vyande of herbivore wat die waterhiasinte natuurlik kon beheer.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** • **1 punt per konsep** waar die antwoord oppervlakkig is en bewys toon van algemene kennis en begrip. • **2 punte per konsep** wanneer die antwoord meer ontwikkel is en die inhoud deeglik dek. Maks 2 punte indien slegs EEN kwessie aangeraak is.

IEB Copyright © 2024

		• In die afwesigheid van hierdie natuurlike vyande kan die plante onverhinderd groei en watermassas oorheers.	
1.6.2	Analiseer sommige van die maniere waarop mense damme en rivierstelsels beïnvloed.	• **Vernietiging en verandering van habitatte:** Menslike aktiwiteite soos die bou van damme, kanalisering, en verstedeliking kan die natuurlike vloei en fisiese kenmerke van 'n rivier, insluitend die diepte, wydte en spoed verander. **Degradasie van die waterkwaliteit:** • Menslike aktiwiteite soos industriële- en landbou-afloop, rioolafloop en rommelstrooi, kan rivierwater besoedel, wat waterkwaliteit laat afneem en gesondheidsrisiko's vir mense en akwatiese lewe veroorsaak. **Oorbevissing en inbring van indringer spesies:** • Oorbevissing en die inbring van uitheemse spesies kan die natuurlike balans van 'n rivier se ekosisteem ontwrig. Dit lei tot die afname in inheemse spesies en die verspreiding van indringerspesies. **Impak van klimaatsverandering:** • Klimaatsverandering lei tot veranderinge in die rivier se vloei, reënvalpatrone asook temperatuur van die water en dit affekteer weer die rivierstelsel. **Onttrekking van water:** • Menslike aktiwiteite soos besproeiing, voorsiening van water aan stedelike gebiede en die opwekking van hidro-elektriese krag kan daartoe lei dat water onttrek word uit riviere met die gevolg dat watervlakke en rivier se vloei daal of afneem. Hierdie aktiwiteite affekteer akwatiese habitatte en spesies. **Verandering in grondgebruik:** • Menslike aktiwiteite soos ontbossing en landbou kan gronderosie en sedimentasie in riviere vererger. Dit het tot gevolg dat daar	**Hierdie is 'n konsepvraag** Kandidate moet bewys dat hulle die konsep verstaan. **Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.** • **1 punt** – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie. *Indien slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)* • **2 punte** – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking. • **3–4 punte** – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat bewys dat die onderwerp in konsep en kennis baie goed begryp word. Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.

IEB Copyright © 2024

		veranderinge in die waterkwaliteit, -vloei en habitatte sal wees.	
1.6.3	Ondersoek TWEE maniere om die menslike impak op 'n rivierstelsel te verminder.	**Implementering van volhoubare landboupraktyke:** • Landbouaktiwiteite kan 'n merkbare invloed op rivierstelsels hê as gevolg van die gebruik van kunsmis, insekdoders en besproeiing. Volhoubare landboupraktyke kan hierdie invloed aan bande lê. • Presisieboerdery: Met die gebruik van presisieboerderytegnieke soos masjiene wat beheer word deur GPS en afstandbeheerde tegnologieë kan boere kunsmis en insekdoders gebruik presies waar en wanneer dit nodig is. Die afloop van oortollige chemikalieë na die riviere toe word verminder en dus neem waterbesoedeling ook af. **Geenbewerkingsboerdery om grond te bewaar:** • Implementering van grondbewaringstegnieke, soos geen bewerking of verminderde bewerking dra by tot vermindering van gronderosie en verminderde afloop van nutriënte. • Sou oesreste agtergelaat word op die grond kan gronderosie verminder word en dan verminder sedimentasie en oortollige nutriënte in riviere. **Skep van buffersone op oewer:** • Die skep van 'n buffersone op die oewer van rivierwalle behels die aanplanting van natuurlike plantegroei wat in hierdie area groei – hierdeur word 'n natuurlike filter geskep wat sediment vasvang en die oormatige hoeveelheid nutriënte absorbeer voordat dit die rivier bereik. • Dit help om die rivier se ekosisteem te beskerm en ook om die waterkwaliteit te verbeter. **Implementering van waterbewaringsmaatreëls:**	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.** • **1 punt** – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie. *Indien slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)* • **2 punte** – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking. • **3–4 punte** – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat bewys dat die onderwerp wat betref konsep en kennis baie goed begryp word. Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.

IEB Copyright © 2024

		• Die onttrekking van water en waterverbruik kan katastrofiese gevolge hê vir rivierstelsels, veral gedurende droogtes. **Doeltreffende besproeiingstelsels:** • Aanmoediging om moderne besproeiingstegnieke soos drupbesproeiing of presisie-sproeiers te gebruik help om vermorsing van water te minimaliseer deurdat water direk na die wortels toe gaan. • Hierdeur word oormatige waterverbruik verminder en die hoeveelheid water wat uit die rivier onttrek word, word ook verminder. **Herwinning en hergebruik van water:** • Deur die implementering van herwinning en hergebruik van water mag die aanvraag na varswater uit die riviere verminder word. • Afvalwatersuiweringstelsels kan water behandel en suiwer en water beskikbaar stel vir ander doeleindes as drinkwater. Water word dus beskikbaar vir besproeiing, nywerheidsprosesse en aanvulling van ondergrondse water. Die druk op rivierwater word verminder. **Onderrig en bewusmaking van die publiek:** • Maak mense meer bewus van die belangrikheid van waterbewaring en loods veldtogte om mense aan te moedig om water op 'n verantwoordelike manier te gebruik. Hierdeur kan waterverbruik aansienlik verminder. • Maak gemeenskappe bewus van die waarde van riviere en hulle ekosisteme. Hierdeur word 'n gevoel van eienaarskap geskep en dit moedig individue aan om iets te doen om hulle impak op riviere te verminder.	

[50]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 2	MENSLIKE GEOGRAFIE		
2.1	**Terminologie in nedersettingsgeografie**		
Pas die beskrywing in Kolom B by die term in Kolom A. Skryf slegs die beskrywing se ooreenstemmende letter in die spasie hieronder.			
2.1.1	Beplanning van grondgebruik	**G Die proses om te bepaal waarvoor grond gebruik sal word.**	
2.1.2	Landelike-stedelike migrasie	**D Die beweging van mense vanaf die landelike na die stedelike gebiede.**	
2.1.3	Dorpie	**F 'n Klein landelike nedersetting wat tipies uit huise en plaasgeboue bestaan.**	
2.1.4	Liniêre landelike nedersettings	**A Die liniêre vorm bestaan uit geboue langs die pad, rivier, dyk of kuslangs.**	
2.2	**Stedelike struktuur en patrone**		
Bestudeer Figuur 6, 'n infografiek van die bevolking, gemiddelde jaarlikse inkomste en persentasie informele behuising in ses verskillende gebiede.			
2.2.1	Verduidelik *informele behuising.*	Mense in hierdie nedersettings bou gewoonlik hulle huise deur boumateriaal te gebruik wat maklik bekombaar en bekostigbaar is, bv. sinkplate, laaghout en plastiek.	
2.2.2	Watter van hierdie gebiede het die …		
	hoogste jaarlikse inkomste?	Orbits	
	grootste bevolking?	Damonsville	
2.2.3	Assesseer die verband tussen die gemiddelde jaarlikse inkomste en die persentasie informele huise.	Hoe hoër die inkomste van 'n gebied, hoe minder informele huise is daar. Dit is omrede mense met 'n hoër inkomste meer toegang tot formele behuising het.	**Hierdie is 'n konsepvraag** Kandidate moet bewys dat hulle die konsep verstaan. **Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.** • **1 punt** – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie. *Indien slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)* • **2 punte** – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en

IEB Copyright © 2024

			kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking. • **3–4 punte** – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat bewys dat die onderwerp wat betref konsep en kennis baie goed begryp word. Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.
2.2.4	Bestudeer Figuur 6 op bladsy 15.		
(a)	Ondersoek bewyse wat sal bevestig dat Brits 'n apartheids-beplande dorp is.	Die hoofdorp en die nywerheidsgebiede is verder weg van die areas met meer informele behuising. Daar is 'n definitiewe buffersone tussen die formele en informele areas.	**Hierdie is 'n konsepvraag** Kandidate moet bewys dat hulle die konsep verstaan. **Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.** • **1 punt** – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie. *Indien slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)* • **2 punte** – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking. • **3–4 punte** – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat bewys dat die onderwerp wat betref konsep en kennis baie goed begryp word. Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.

IEB Copyright © 2024

(b)	Brits, soos meeste dorpe, ondervind ook migrasie van mense. Beskryf:		
(i)	EEN rede vir sentrifugale beweging.	**Gebrek aan werksgeleenthede:** • Sou daar nie genoeg werksgeleenthede in die dorp wees nie, mag mense na ander dorpe of stede verhuis in hulle soeke na beter werksgeleenthede. **Swak infrastruktuur:** • Sou die dorp nie genoegsame infrastruktuur soos paaie, skole, hospitale en ander noodsaaklike dienste hê nie, mag hulle trek na plekke waar hierdie fasiliteite wel beskikbaar is. **Hoë misdaadsyfers:** • Hoë vlakke van misdaad en gebrek aan sekuriteit in die dorp mag daartoe lei dat mense na plekke trek waar hulle veiliger sal voel. **Omgewingsfaktore:** • Faktore soos natuurlike rampe of besoedeling mag daartoe aanleiding gee dat mense wegbeweeg vanuit die dorp na veiliger en gesonder omgewings. **Sosiale en kulturele faktore:** • Faktore soos diskriminasie, sosiale afsondering of gebrek aan kulturele aktiwiteite mag daartoe aanleiding gee dat mense uit die dorp trek op soek na beter sosiale en kulturele ervarings.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** • **1 punt** as die antwoord oppervlakkig is en net algemene kennis en begrip toon. • **2 punte** vir 'n ontwikkelde antwoord wat die inhoud deeglik dek.
(ii)	EEN rede vir sentripetale beweging.	**Werksgeleenthede:** • Indien die dorp 'n vooruitstrewende ekonomie en werksgeleenthede het, mag mense moontlik na hierdie dorp trek in hulle soeke na werk. **Bekostigbare behuising:** • Indien daar bekostigbare behuising in die dorp is mag mense daarheen trek om voordeel te probeer trek uit die laer behuisingskoste.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** • **1 punt** as die antwoord oppervlakkig is en net algemene kennis en begrip toon. • **2 punte** vir 'n ontwikkelde antwoord wat die inhoud deeglik dek.
		Toegang tot noodsaaklike dienste: • Sou die dorp voldoende infrastruktuur en noodsaaklike dienste soos gesondheidsorg, onderrig en vervoer hê mag mense moontlik na hierdie dorp trek om van die dienste gebruik te maak.	

IEB Copyright © 2024

		Lewenstyl- en kulturele faktore: • Mense mag na die dorp trek indien daar 'n bruisende kulturele lewe, ontspanningsgeleenthede of 'n aanloklike lewenstyl is. **Nabyheid van ander dorpe en stede:** • Indien die dorp se ligging strategies van so 'n aard is dat dit maklik toeganklik is vir ander dorpe en stede, mag mense dalk daarheen verhuis vir toeganklikheid en gemaklikheid.	
(c)	Formuleer hoe georuimtelike analise gebruik kan word om stedelike bestuurstrategieë te gebruik om Brits te ontwikkel en te laat groei.	Georuimtelike analise behels die gebruik van geografiese data en hulpmiddels om die verband tussen die onderskeie elemente van die beboude omgewing te analiseer en verstaan. Hierdie data kom vanaf verskeie bronne soos satellietbeelde, lugfoto's en opnames gedoen op grondvlak. Die uitsette van die georuimtelike analise kan dan gebruik word om die stedelike bestuursstrategieë in te lig en te ondersteun. Om 'n effektiewe stedelike bestuurstrategie vir Brits daar te stel, is daar verskeie stappe om te neem: **Data-insameling:** Begin deur data bymekaar te maak oor die huidige toestand van die dorp. Dit sluit in data oor die demografie van die bevolking, grondgebruik, infrastruktuur en ekonomiese aktiwiteit. **Data-analise:** Gebruik georuimtelike hulpmiddels om die data wat ingesamel is te analiseer. Bv. bevolkingsdigtheid- kaarte kan geskep word om te verstaan waar die hoogste konsentrasie van die bevolking is. Grondgebruikkaarte kan gebruik word om dele van die dorp wat onderbenut is of nodig het om ontwikkel te word te identifiseer. **Identifiseer sleutelkwessies:** Identifiseer die sleutelkwessies, gebaseer op die data-analise, wat aangespreek moet word om Brits te ontwikkel en te laat groei. Dit kan probleme soos verkeersopeenhopings, gebrek aan bekostigbare behuising en onderontwikkelde gebiede insluit. **Ontwikkelingstrategieë**	**Hierdie is 'n konsepvraag** Kandidate moet bewys dat hulle die konsep verstaan. **Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.** • **1–2 punte** – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie. *Indien slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)* • **3–4 punte** – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking. • **5–6 punte** – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat bewys dat die onderwerp wat betref konsep en kennis baie goed begryp word. Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.

IEB Copyright © 2024

		Ontwikkel strategieë om sleutelkwessies wat geïdentifiseer is aan te spreek. Bv. om die probleem van verkeersopeenhoping aan te spreek kan 'n moontlike oplossing wees om die openbare vervoer te verbeter en om 'n nuwe voetganger- en fietsvriendelike infrastruktuur te skep. 'n Plan om die gebrek aan bekostigbare behuising aan te spreek kan aansporings wees vir ontwikkelaars om nuwe behuisingseenhede te bou of om 'n behuisingsontwikkellingsprogram te skep. **Implementering:** Ten laaste moet die strategieë wat ontwikkel is, geïmplementeer word. Hierdie implementering van strategieë mag samewerking met plaaslike regeringsagentskappe, gemeenskapsgroepe, en vennote in die privaat sektor behels. Georuimtelike analise kan 'n belangrike rol speel in die skepping van effektiewe stedelike bestuursstrategieë. Deur geografiese data en hulpmiddels te gebruik om die beboude omgewing te verstaan, kan strategieë ontwikkel word om die spesifieke behoeftes en uitdagings van die dorp Brits aan te spreek en om die dryfveer te wees om die groei en ontwikkeling te help.	
2.3	**Informele sektor**		
Bestudeer Foto 1 van 'n informele handelaar in die omgewing van Brits			
2.3.1	Kies die term(e) in **vetdruk** wat die stellings WAAR sal maak. Omkring die korrekte antwoord.		
	Die informele handelaar in Foto 1…		
(a)	verkoop meestal (**lae / middel / hoë**) orde goedere.	**lae**	
(b)	sal 'n (**klein / medium / groot**) invloedsfeer hê.	**klein**	
(c)	het 'n (**klein / medium / groot**) bevolkingsdrempel.	**klein**	
2.3.2	Lys TWEE uitdagings wat die handelaar op 'n daaglikse basis ervaar.	• Sterk kompetisie • Moeilik om kliënte te lok en te behou. • Beperkte toegang tot finansies • Moeilik om hulle besighede uit te brei of om in toerusting of voorraad te belê.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.**

IEB Copyright © 2024

		• Gebrek aan infrastruktuur. • Onvoldoende fasiliteite om te stoor. • Beperkte toegang tot fasiliteite vir water en sanitasie. • Veiligheids- en sekuriteitkwessies • Het gereeld uitdagings ten opsigte van regulasies • Verkoop goedere wat onderworpe is aan seisoenale skommelinge • Moeilik om 'n stabiele inkomste dwarsdeur die jaar te handhaaf • Gebrek aan toegang tot opleiding en ondersteuning • Ervaar onvoorspelbare inkomstestrome.	

[30]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 3 UITGEBREIDE SKRYFWERK		
Moet asseblief NIE REGMERKIES MAAK wanneer 'n opstel gemerk word nie – dit verwar die optellers. **Onderstreep eerder relevante en toepaslike punte en gebruik die stelsel van kodes.**	AARDRYKSKUNDE SE KODES VIR OPSTELLE E– Uitstekend G – Goed V – Vaag R – Herhalend I – Irrelevant F – Aanvaarbaar	INHOUD: ____ Onderstreep relevante punte indien korrek Omkring verkeerde punte BEWYSE ( ) Sit hakkies om bewyse
Lees Feitelêer 1 oor die ontginning van chroom in Suid-Afrika. Bestudeer ook Figuur 7, 'n grafiek wat die produksie van chroom tussen 2010 en 2021 wys, en Figuur 8, 'n kaart van die vernaamste areas waar chroom in Suid-Afrika ontgin word.		
Maak gebruik van Feitelêer 1, Figure 7 en 8 en enige Figuur of hulpbron in Afdeling A om die vraag te beantwoord.		
Die Departement van Mineraalhulpbronne en Energie het jou gevra om 'n verslag te skryf oor die ontginning van chroom naby Brits en dan ook in die hele Suid-Afrika. Jy moet die volgende aspekte in jou verslag ondersoek.		
Die vernaamste gebruike van chroom en kettingnywerhede.	• Chroom word hoofsaaklik gebruik in die vervaardiging van vlekvrye staal wat in 'n klomp nywerhede gebruik word, insluitend konstruksie, outomobiel, lug- en ruimtevaart, en elektronika. Verder word chroom ook gebruik in die vervaardiging van chemikalieë, pigmente en vuurvaste materiale. • Vervaardiging van staal, vervaardiging en konstruksie is die verwante nywerhede wat met ontginning van chroom geassosieer word. • Chroom word hoofsaaklik gebruik vir die vervaardiging van vlekvrye staal en laasgenoemde dra baie by tot die vervaardigings- en boubedryf. • Ander nywerhede wat op chroom aangewese is sluit in mynbou, energie en chemikalieë.	• Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief. • Wees bedag op herhaling in paragrawe.
Die beperkinge wat die chroomontginningsektor ondervind.	• Afname in die aanvraag na chroom weens 'n skuif na alternatiewe stowwe en veranderinge in verbruikersvoorkeure.	• Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief. • Wees bedag op herhaling in paragrawe.

IEB Copyright © 2024

	• Omgewingskwessies rondom die impak van mynbou-aktiwiteite op plaaslike ekosisteme en waterbronne. • Beperkte toegang tot finansiering en beleggings weens die persepsie dat dit riskant is en dat daar geen ondersteuning daarvoor van die regering is nie. • Hoë bedryfskoste, insluitend energie- en arbeidskoste, beïnvloed die winsgewindheid van die ontginning van chroom.	
Hoe die ontginning van chroom Brits en Suid-Afrika tot voordeel strek.	• Werkskepping: Ontginning van chroom skep werksgeleenthede vir plaaslike gemeenskappe, veral in landelike omgewings waar daar beperkte werkgeleenthede is. • Inkomste uit uitvoere: Chroom is een van Suid-Afrika se waardevolste uitvoere en die land is die grootste produsent van chroom met 'n bydrae van omtrent 60% tot die wêreld se produksie. • In die ontwikkeling van infrastruktuur, onderwys en gesondheidsorg wat lei tot ekonomiese groei en die afname in armoede. • Oordrag van tegnologie: Mynbou bring nuwe tegnologieë en vaardighede na die land wat dan ook weer in ander nywerhede gebruik kan word om produktiwiteit te verbeter en meer kompeterend te kan wees.	• Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief. • Wees bedag op herhaling in paragrawe.

IEB Copyright © 2024

Hoe veredeling van chroom kan bydra tot die groei van Suid-Afrika se ekonomie.	• Veredeling van chroom behels die proses van waardetoevoeging tot onbewerkte chroom deurdat dit verwerk word tot 'n produk wat in 'n verskeidenheid van nywerhede gebruik kan word. Veredeling dra by tot die groei in die ekonomie van die land deur: – Groei in inkomste: Met die veredeling van chroom word 'n produk geskep met hoër waarde wat teen 'n hoër prys verkoop kan word en daardeur word die inkomste vir die land verhoog. – Werkskepping: Die proses van veredeling benodig werkers met vaardighede en dus word werksgeleenthede vir die plaaslike gemeenskappe geskep. – Diversifisering van die ekonomie: Veredeling kan lei tot die ontwikkeling van nuwe nywerhede wat chroomprodukte gebruik en dit lei weer tot ekonomiese diversifisering. – Meer kompeterend: Die veredeling van chroom kan beteken dat Suid-Afrikaanse produkte meer kompeterend op die internasionale markte raak en dit lei tot verhoogde uitvoere en ekonomiese groei.	• Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatief. • Wees bedag op herhaling in paragrawe.
	Nota: Jy kan die kennis wat jy opgedoen het in die bestudering van voorbeelde gebruik om jou te help. Gebruik die rubriek hieronder om jou te help met die beplanning en struktuur van jou verslag.	

IEB Copyright © 2024

Kriteria	Vlak 3 Uitstaande – Goed	Vlak 2 Bevredigend	Vlak 1 Swak
Skryfvaardighede • Neem struktuur en voorstelling in aanmerking. • Gebruik kort inleiding en slot. • Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte. **[4 punte word aan hierdie komponent toegeken.]**	Gepaste inleiding en slot. Gesofistikeerde, samehangende en gestruktureerde skryfwerk. Onderopskrifte en paragrawe is effektief gebruik. Opstel is kort, goed-gestruktureerd en kernagtig. **4 punte**	Inleiding en slot teenwoordig, alhoewel nie ideaal nie. Pogings om te hou by die onderopskrifte en gebruik van paragrawe. Verslag dwaal by tye van die punt af en skiet tekort aan bondigheid. **3 punte**	Skryfwerk is swak en amper onverstaanbaar. Geen inleiding of slot word voorsien nie. Geen gebruik / navolging van onderopskrifte nie. Lang sinne, swak grammatika en oneffektiewe gebruik van paragrawe. Verslag is herhalend. Kolpunte is dalk gebruik. 1 punt = moet *toegeken word vir enige poging om iets te skryf/probeerslag* **2–0 punte**
Inhoudskennis • Korrekte gebruik van geografiese terme en begrippe. • Hou by onderwerp en onderopskrifte. **[12 punte word hiervoor toegelaat]**	Die antwoord assesseer die toepaslike inhoudskennis goed en die bespreking van die onderwerp is in diepte gedoen. Die evaluasie is effektief en is volgehou. Daar is 'n goeie slotsom. Die antwoord lewer bewys van kennis van voorbeelde en 'n sterk begrip van die konsepte van die onderwerp. Voorbeelde wat gebruik is, is toepaslik en geïntegreer met die antwoord. Goeie gebruik van geografiese terme en begrippe. 'n Toepaslike aantal feite per onderopskrif aangebied. 10 punte sal aan die kandidaat toegeken word indien daar <u>minimum</u> van 2 punte per tussenopskrif genoem is. Indien verder uitgebrei word sal 'n addisionele 2 punte toegeken word. **12–9 punte**	Antwoord lewer wel bewys dat kandidaat kennis het van die onderwerp en dit verstaan. Daar is wel sommige relevante inhoud. Die antwoord is net in breë trekke. Daar is wel beperkte verduidelikende inhoud en 'n slotsom. Die grondslag waarop die antwoord gebaseer is, is wel korrek, en Begrip word bewys met die gebruik van die voorbeelde. Oorsigtelike/ algemene bespreking van die kernkwessies. Bewys van algemene begrip van die onderwerp maar daar is tog wel foute en vaagheid in die bespreking. Gebruik van geografiese terme en konsepte is baie basies. 60–50% van die verwagte feite word per onderopskrif gegee. 1 punt per onderopskrif, of 2 punte word gegee en slegs 2 paragrawe. **8–5 punte**	'n Paar algemene punte rakende die onderwerp word gemaak. 'n Beskrywende antwoord, wat bestaan uit 'n paar eenvoudige punte. Kennis is basies en die begrip mag swak wees en nie van toepassing wees op die onderwerp nie. Afwyking van die onderwerp af. Swak begrip van konsepte en terminologie. Geïsoleerde en generiese elemente van die kennis en begrip van die onderwerp. Oppervlakkige/ swak bespreking Omtrent geen toepaslike feite/ onderopskrifte. **4–0 punte**

IEB Copyright © 2024

Ondersteunende bewyse – ontleding en begrip • Die vermoë om die onderwerp te ontleed en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer. • Verwysing na gevallestudie-materiaal/feitelêer/ bronmateriaal verskaf. • Indien toepaslik, moet verwys word na bekende/ plaaslike of ander voorbeelde. **[4 punte word aan hierdie komponent toegeken]**	Die kandidaat is daartoe in staat om toepaslik te redeneer en evalueer. Daar is goeie bewys van akkurate toepassing van begrip en bewyse word verskaf. Verslag demonstreer begrip en integrasie van toepaslike gevallestudie/ feitelêer/ bronmateriaal in die konteks van die verslag. Bewyse nodig van ontleding van inhoud en hoërorde integrasie. **4 punte**	Oppervlakkige verwysings word na die gevallestudie / feitelêer/ bronmateriaal gemaak. Alhoewel na ondersteunende voorbeelde verwys word is dit nie duidelik dat die leerder 'n goeie begrip van die voorbeeld/ gevallestudie se materiaal het nie. Ondersteunende bewyse is nie altyd van toepassing op die onderopskrif of konteks van bespreking nie. Bespreking het geen diepte nie. **3 punte**	Beperkte tot geen verwysing na gevallestudie/ feitelêer / bronmateriaal nie. Voorbeelde word nie verskaf nie. Het min of geen geografiese betekenis nie. Min ontleding of begrip. Demonstreer minimale begrip van die onderwerp. **2–0 punte**

IEB Copyright © 2024

AFDELING B	**FISIESE GEOGRAFIE**		
VRAAG 4	**KLIMAAT EN WEER**		
4.1	**Subtropiese antisiklone en verwante weerstoestande**		
4.1.1	Verbind die letters in Figuur 9 met die weerkenmerke hieronder. Skryf slegs die ooreenstemmende letter in die spasie wat voorsien word.		
(a)	Die stelsel skep toestande wat gunstig is vir die ontwikkeling van 'n inversie in 'n vallei.	J	
(b)	Die sikloon staan bekend as 'n Familie.	I	
(c)	Die stelsel is verantwoordelik vir die Kaapse Dokter.	K	
(d)	Bring swaar reën en sterk winde mee oor die Wes-Kaap.	H	
4.1.2	Hieronder is 'n skets van die dwarsdeursnit van front **H**.		
	Kies die korrekte term(e) in die onderstaande blokkie om die diagram te benoem.	L – **Koue lug** M – **Cumulonimbuswolke** N – **Warm sektor**	
4.1.3	Bespreek die impak wat die Benguela- en Agulhas-seestroom op Suid-Afrika het.	**Die Benguelastroom** • Vloei in 'n noordwaartse rigting vanaf die Antarktiese gebied langs die weskus van Suid-Afrika. • Het 'n gematigende invloed op die klimaat van die weskus van Suid-Afrika. • Veroorsaak laer temperature en laer reënval. • Die koue water is verantwoordelik vir die vorming van mis aan die kus en dit kan 'n aansienlike invloed op die produktiwiteit van landbou in die streek hê. • Skep 'n semi-droë klimaat aan die weskus wat die tipe plantegroei wat daar gevind kan word beperk.	**Hierdie is 'n konsepvraag** Kandidate moet bewys dat hulle die konsep verstaan. **Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.** • **1 punt** – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie. *Indien slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)* • **2 punte** – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking. • **3–4 punte** – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat

			bewys dat die onderwerp wat betref konsep en kennis baie goed begryp word. Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.
		Die Agulhasstroom • Vloei suidwaarts al met die ooskus van Suid-Afrika langs en bring warm, sout-water na die Suid-Atlantiese Oseaan. • Dit het 'n gematigende invloed op die klimaat van die ooskus van Suid-Afrika. • Verantwoordelik vir die hoër temperature en reënval as wat aan die weskus voorkom. Die interaksie tussen die Benguela- en Agulhasstroom is ook belangrik omdat dit die klimaat van Suid-Afrika beïnvloed. Die twee strome kom by die suidelike punt van Afrika bymekaar. Die interaksie tussen die warm en koue water skep 'n unieke mikroklimaat wat die streek se weerpatrone, insluitend die frekwensie en intensiteit van storms, beinvloed.	
4.1.4	Lys TWEE maniere waarop hierdie kaart verskillend sal lyk in die somer.	• Laagdruktrog • Tropiese sikloon • SAHD vorm 'n rug aan die suidekant van die land • Hoë temperature	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.**

IEB Copyright © 2024

4.2	**Tropiese Sikloon**		
Bestudeer Figuur 10, 'n uittreksel uit 'n sinoptiese kaart van tropiese sikloon Freddy wat in Madagaskar die land bereik.			
4.2.1	Lys TWEE moontlike toestande wat die inwoners van Madagaskar sal ondervind soos die storm die land bereik.	• Swaar reën • Sterk winde • Stormstuwings • Oorstromings	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.**
4.2.2	Lys TWEE van die ses voorwaardes vir die vorming van 'n tropiese sikloon.	• Oseaan 27°C plus • Baie min wrywing met die oppervlakte • Sterk divergensie in die bo-lug/Straalstroom • 5°–25° N/S van die ewenaar • Coriolis-krag • Baie lae druk – (sterk drukgradiënt) • Onstabiele lug • Hoë humiditeit • Lae voorkoms van windvlae.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.**
4.2.3	Voorspel wat met die storm sal gebeur wanneer dit oor Madagaskar beweeg.	• Die hoogliggende terrein van Madagaskar kan die sirkulasie van die storm ontwrig en dit moontlik laat verswak omdat dit die in- en uitvloei van vog en lug versteur. Dit is veral die geval in storms wat klein en kompak is. • Sou die storm egter groter wees, kan dit nog steeds intens wees en die struktuur behou ten spyte van die ontwrigting wat die terrein veroorsaak. • Die storm kan verswak of selfs ontbind indien die windskuif te sterk is. Windskuif ontstaan wanneer die wind teen verskillende spoed en in verskeie rigtings op verskeie hoogtes waai. Indien hierdie windskuif swak is kan die storm sy intensiteit behou of selfs versterk. • Die temperatuur van die see se oppervlak in die omgewing van	**Hierdie is 'n konsepvraag** Kandidate moet bewys dat hulle die konsep verstaan. **Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.** • **1 punt** – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie. *Indien slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)* • **2 punte** – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking.

IEB Copyright © 2024

		Madagaskar is ook 'n belangrike faktor. Sou die storm beweeg oor 'n gebied met hoë temperature op die see se oppervlak kan die warm water wel die energie gee wat sal maak dat die storm intenser word. • Die moontlikheid vir die storm om intenser te word sal beperk word indien die oppervlak van die see se temperatuur kouer is.	• **3–4 punte** – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat bewys dat die onderwerp wat betref konsep en kennis baie goed begryp word. Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.
4.2.4	Bespreek TWEE voorsorgmaatreëls wat die inwoners van Madagaskar kan tref om die impak van die storm te verminder.	• **Bly ingelig:** Luister na weervoorspellings, die nuutste inligting en waarskuwings wat deur die plaaslike outoriteite, meteorologiese dienste of rampbestuurorganisasies uitgereik word. Bly ingeskakel op die radio, TV of betroubare aanlynbronne van inligting vir die nuutste inligting. • **Beplanning vir ontruiming:** As jy in 'n gebied bly waar daar 'n hoë risiko is vir siklone maak seker dat jy bekend is met die roetes vir ontruiming asook skuilplekke wat deur die plaaslike outoriteite uitgewys is. Beplan en oefen 'n ontruimingsstrategie met jou familie wat ook die bymekaarkomplek insluit sou van die familielede geskei word van die ander. • **Beveilig jou eiendom:** Maak seker dat enige voorwerpe wat rondlê op jou eiendom vasgemaak word sodat hulle nie skade kan aanrig of mense beseer gedurende die sterk winde nie. Sny van die bome se takke en blare af om die risiko dat dit op geboude strukture kan val kan verminder. Versterk deure, vensters en dakke om hulle meer bestand te maak teen die sterk winde.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.** • **1 punt** – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie. *Indien slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)* • **2 punte** – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking. • **3–4 punte** – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat bewys dat die onderwerp wat betref konsep en kennis baie goed begryp word. Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.

IEB Copyright © 2024

		• **Maak seker van voorraad**: Maak seker dat daar noodvoorraad is wat die volgende noodsaaklike items insluit: onbederfbare kos, drinkwater, flitslig wat met batterye werk, eerste-hulpkassie, ekstra batterye, draagbare radio, blikoopmaker wat met die hand werk, enige belangrike medisyne. Maak seker dat daar genoeg voorraad vir jou huishouding is vir ten minste drie dae. • **Plan om kommunikasie te verseker:** Maak seker dat daar 'n plan is om met familie en vriende kontak te hou – veral indien julle van mekaar geskei word gedurende die storm. Deel persoonlike inligting sodat julle kan kontak behou, identifiseer 'n persoon wat in 'n ander gebied bly wat boodskappe kan oordra sou die plaaslike kommunikasienetwerke ontwrig wees. • **Volg instruksies vir ontruiming:** Sou die plaaslike owerhede ontruimingsbevele uitreik moet dit presies nagevolg word. Gaan na die aangewese plekke van veiligheid en skuilings soos beveel word en maak die veiligheid van jou en jou familielede 'n prioriteit. • **Vermy oorstroomde gebiede:** Wees bedag op moontlike oorstromings na die storm en moenie loop of bestuur in gebiede of strate wat oorstroom is nie. Vloedwaters kan bedrieglik wees en voorwerpe onder die water, soos inspeksiegate, kan nie gesien word nie. Daar kan ook sterk strome onder die	

IEB Copyright © 2024

		water wees wat bedrieglik is en nie gesien kan word nie. • **Wees bewus van gesondheids-risiko's:** Ná die storm verby is, is daar moontlikheid van besoedelde water, beskadigde sanitasiestelsels en die verspreiding van siektes d.m.v. water. Neem die nodige voorsorg en maak seker dat water veilig is om te drink en beoefen gesonde higiëne. • **Bly weg van beskadigde strukture:** Wees versigtig vir beskadigde geboue en kraglyne – hulle is dalk onstabiel en kan inmekaar tuimel of jy kan geskok word. Wag vir professionele mense om sulke strukture te kom assesseer en reg te maak voordat jy geboue binnegaan of kragdrade wil gebruik • **Ondersteun die plaaslike pogings:** Indien moontlik stel jou dienste beskikbaar vir die plaaslike reddingspogings en maak skenkings aan betroubare organisasies wat betrokke is by die rampbestuur. Dit kan help om die gemeenskappe wat geraak is deur die storm te ondersteun tydens die herstel ná die storm.	

[25]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 5	FLUVIALE GEOGRAFIE		
5.1	**Fluviale prosesse**		
5.1.1	Kies die term(e) in vetdruk wat die stellings WAAR sal maak. Omkring die korrekte antwoord.		
(a)	Volgens Foto 2 is die rivier in die (**benede-** / **middel-/ bo-**) loop.	**benede**	
(b)	Kenmerk **L** staan bekend as 'n (**uitloper/ waterval/ levée**).	**uitloper**	
(c)	Die oewer wat **M** gemerk is, is 'n (**stootoewer / glyoewer / yazoo**).	**glyoewer**	
(d)	Die hoofproses wat by **M** gebeur, is (**vervoer/ erosie/ afsetting**).	**afsetting**	
5.2	**Dreineerstelsels in Suid-Afrika**		
Bestudeer Figuur 11, wat 'n sekondêre dreineergebied in die boloop van die Thukelarvierstelsel wys.			
5.2.1	Noem TWEE maniere waarop water in die rivierstelsel beland.	• **Reënval:** Reën kan óf direk in die rivier val óf dit kan in die grond insyfer en dan die rivier binnevloei as grondwater. • **Afloop:** Oppervlakafloop in die stedelike gebiede sowel as afloop vanaf bewerkte lande en ander grondgebruike. • **Grondwater:** Grondwater kan óf direk in die rivier in invloei óf dit kan in die rivier beland deur insyfering vanaf die rivieroewers. • **Fonteine:** Fonteine kan 'n belangrike bron van water vir riviere wees – veral in droë streke. • **Oppervlakwater:** Riviere kan ook water van ander waterbronne, soos mere, vleilande en ander riviere of strome, op die oppervlak kry. • **Antropogenetiese bronne:**	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.**

IEB Copyright © 2024

		Menslike aktiwiteite kan ook water byvoeg in rivierstelsels deur, bv. water wat afgevoer word deur nywerhede en munisipale behandeling van afvalwater, of deur besproeiing wat water na die rivier toe sal laat vloei van ander bronne af.	
5.2.2	Dui aan of die Thukelarivier gegradeer of ongegradeer is.	Ongegradeer	
5.2.3	Verduidelik jou antwoord op Vraag 5.2.2.	Daar is damme wat in die rivierstelsel voorkom.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** • **1 punt per konsep** waar die antwoord oppervlakkig is en bewys toon van algemene kennis en begrip. • **2 punte per konsep** wanneer die antwoord meer ontwikkel is en die inhoud deeglik dek.
5.2.4	Verduidelik die verskille in die rivier se kenmerke tussen die boloop en die benedeloop in terme van die volgende:		
(a)	Die volume water	Die volume water in 'n rivier neem gewoonlik toe vanaf die boonste loop na die benedeloop as gevolg van die sytakke wat water in die rivier stort. Grondwater vul die water in die rivier verder aan. Die rivier is gewoonlik nou en vlak in die boonste loop met 'n relatiewe klein volume water. Soos wat die rivier stroomaf vloei word dit wyer en dieper met 'n groter volume water.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** • **1 punt per konsep** waar die antwoord oppervlakkig is en bewys toon van algemene kennis en begrip. • **2 punte per konsep** wanneer die antwoord meer ontwikkel is en die inhoud deeglik dek.
(b)	Die tipe kenmerke	In die boloop van die rivier is daar gewoonlik steil hellings, en die rivier vloei deur 'n nou V-vormige vallei. Die benedeloop word uitgeken aan wyer valleie met geleidelike hellings, kronkels en hoefystermere.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** • **1 punt per konsep** waar die antwoord oppervlakkig is en bewys toon van algemene kennis en begrip. • **2 punte per konsep** wanneer die antwoord meer ontwikkel is en die inhoud deeglik dek.

IEB Copyright © 2024

(c)	Die tipe erosie	Vertikale erosie is die primêre tipe erosie in die boloop van die rivier wat die landskap afwaarts / vertikaal erodeer soos wat dit vloei. Hierdie tipe erosie vind plaas weens die steil gradiënt en die water wat vinnig in die boloop van die rivier vloei. In die benedeloop van die rivier word laterale erosie belangriker soos wat die rivier oor die vloedvlakte kronkel en rivieroewers erodeer en nuwe rivierkanale maak.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** • **1 punt per konsep** waar die antwoord oppervlakkig is en bewys toon van algemene kennis en begrip. • **2 punte per konsep** wanneer die antwoord meer ontwikkel is en die inhoud deeglik dek.
(d)	Die tipe en hoeveelheid vrag	Die geologie van die omringende landskap het 'n groot invloed op die tipe vrag wat 'n rivier vervoer. Die vrag in die boloop van die rivier is baie keer grof met groot rotse en klippe. Soos wat die rivier stroomaf vloei word die vrag fyner en ligter en bestaan dit uit sand, sediment en klei.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** • **1 punt per konsep** waar die antwoord oppervlakkig is en bewys toon van algemene kennis en begrip. • **2 punte per konsep** wanneer die antwoord meer ontwikkel is en die inhoud deeglik dek.
(e)	Die vorm van die kanaal	Die rivier is baie keer nou en diep in die boloop met 'n steil gradiënt en 'n relatiewe reguit kanaal. Soos wat die rivier stroomaf beweeg, word dit wyer en vlakker met 'n kleiner helling en kronkelende kanaal.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** • **1 punt per konsep** waar die antwoord oppervlakkig is en bewys toon van algemene kennis en begrip. • **2 punte per konsep** wanneer die antwoord meer ontwikkel is en die inhoud deeglik dek.

IEB Copyright © 2024

5.2.5	Verduidelik die verband tussen 'n *rivierstelsel* en sy *waterskeiding.*	• Die rivierstelsel is die fisiese kanaal wat water deur die landskap vervoer terwyl die waterskeiding die hele area is wat deur daardie rivier gedreineer word. • Die grense van die waterskeiding word bepaal deur die gebied se topografie. Die water vloei vanaf die hoë na die lae punte toe en versamel uiteindelik in strome, riviere en ander watermassas. • Die gesondheid en kwaliteit van die rivierstelsel word direk beïnvloed deur die eienskappe van sy waterskeiding. • Die plantegroei, grond en grondgebruike binne die waterskeiding beïnvloed ook die hoeveelheid en kwaliteit van die water wat in die rivierstelsel in invloei. • Die teenoorgestelde is ook waar, want die rivierstelsel het ook 'n invloed op die waterskeiding deurdat dit die waterskeiding se fisiese eienskappe soos erosie van grond en rotse en afsetting van sedimente beïnvloed. • Riviere kan ook 'n merkbare impak op die ekologiese gesondheid van 'n waterskeiding hê omdat dit habitatte vir waterplante en -diere voorsien en die sirkulering van nutriënte moontlik maak. • Die verband tussen 'n rivierstelsel en sy waterskeiding is een van interafhanklikheid met die eienskappe en gesondheid van die een wat die ander een beïnvloed.	**Hierdie is 'n konsepvraag** Kandidate moet bewys dat hulle die konsep verstaan. **Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.** • **1 punt** – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie. *Indien slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)* • **2 punte** – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking. • **3–4 punte** – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat bewys dat die onderwerp wat betref konsep en kennis baie goed begryp word. Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.

IEB Copyright © 2024

		• Dit is belangrik om hierdie verband te verstaan om die bestuur en bewaring van die rivierstelsel en sy omringende ekosisteem effektief te kan doen.	
5.2.6	Ondersoek hoe die verband genoem in Vraag 5.2.5 tot stroomroof kan lei.	• Een van die hoofoorsake van stroomroof is veranderinge in die topografie van die waterskeiding. • Soos wat 'n rivier die landskap erodeer kan dit 'n nuwe loop op 'n laer hoogte as die voormalige loop vorm. • Sou hierdie nuwe loop langs 'n ander stroom of rivier wees wat op 'n hoër hoogte geleë is, mag die water op die laer hoogte begin invloei in die stroomkanaal van die rivier op 'n hoër hoogte en wat aanleiding gee tot verhoging in rivier se volume en spoed. • Met verloop van tyd kan die rivier op die hoër hoogte die water van die rivier op die laer hoogte roof en daardeur begin die rivier in 'n ander rigting te vloei.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** • **1 punt per konsep** waar die antwoord oppervlakkig is en bewys toon van algemene kennis en begrip. • **2 punte per konsep** wanneer die antwoord meer ontwikkel is en die inhoud deeglik dek.

IEB Copyright © 2024

AFDELING C LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA			
VRAAG 6 NEDERSETTING			
6.1 **Landelike nedersetting**			
Bestudeer Foto 3 van 'n landelike nedersetting in die Wes-Kaap hieronder.			
6.1.1	Kies die korrekte term uit Kolom B om by die term in Kolom A te pas. Merk die korrekte antwoord.		
(a)	Klassifikasie van nedersetting	Geïsoleerde plaasopstal	
(b)	Sektor van die ekonomie	Primêre	
(c)	Vlak van aktiwiteit	Ekstensief kommersieel	
(d)	Standplaas van nedersetting	Vrugbare grond / gelyke grond	
6.1.2	Bespreek TWEE faktore wat mense sal dwing om van hierdie gebied na stedelike gebiede te beweeg.	**Gebrek aan werksgeleenthede:** • Mense mag moontlik gedwing word om na stedelike gebiede te trek waar daar meer werksgeleenthede is. **Beperkte toegang tot basiese dienste:** • Mense mag voel dat hulle lewenskwaliteit gekomprimeer is omdat daar nie basiese dienste soos gesondheidsorg, onderwys en openbare nutsdienste is nie. **Natuurlike rampe:** • Mense in streke waar daar natuurlike rampe soos oorstromings, grondverskuiwings en aardbewings is mag gedwing word om te trek. **Konflik en politieke onstabiliteit:** • Politieke onstabiliteit of konflik kan dit vir mense onveilig maak om daar te bly. **Beperkte toegang tot markte:** • Mense mag gedwing voel om te trek as 'n streek nie goeie toegang tot markte het nie. **Beperkte sosiale geriewe:** • Mense mag dalk trek as daar 'n gebrek aan sosiale aantreklikhede soos ontspanningsfasiliteite is. **Beperkte onderwys- en onderriggeleenthede:** • 'n Gebrek aan goeie skole of universiteite kan mense moontlik motiveer om na stedelike gebiede te trek waar daar beter onderwys- en onderriggeleenthede is.	**Hierdie is 'n konsepvraag** Kandidate moet bewys dat hulle die konsep verstaan. **Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.** • **1 punt** – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie. *Indien slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)* • **2 punte** – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking. • **3–4 punte** – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat bewys dat die onderwerp wat betref konsep en kennis baie goed begryp word. Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.

IEB Copyright © 2024

6.1.3	Ondersoek TWEE faktore wat die volgende beïnvloed:		
	(a) die ligging van 'n nedersetting.	**Water:** • Toegang tot water is krities vir die oorlewing van 'n nedersetting. Nedersettings neig om te ontwikkel naby 'n permanente waterbron soos 'n rivier, meer of oseaan. • Waar daar waterskaarste is sal nedersettings ontwikkel naby 'n put of ander ondergrondse waterbronne **Topografie:** • Die fisiese kenmerke van die gebied kan ook die ligging van 'n nedersetting beïnvloed. • Gelyke, vrugbare grond is ideaal vir boerdery terwyl heuwels en berge beskerming kan bied teen die vyande of baie moeilike weersomstandighede. **Natuurlike bronne:** • Nedersettings neig om te ontwikkel naby gebiede met baie natuurlike bronne soos woude, minerale of vrugbare grond vir landbou. • Hierdie bronne kan kos, boumateriale en ander noodsaaklike voorraad voorsien. **Vervoer:** • Nedersettings ontwikkel baie keer langs vervoerroetes soos riviere, hawens of hoofpaaie. • Dit maak handel en die beweging van goedere en mense moontlik. **Klimaat:** • Speel 'n rol in die ligging van die nedersetting. • 'n Nedersetting sal eerder ontstaan in gebiede met gematigde klimaat en oorvloedige reën as 'n plek soos 'n woestyn of arktiese omgewing. **Verdediging:** • Nedersettings mag geleë wees naby plekke wat beveiliging moontlik maak soos bo-op 'n heuwel, krans of agter natuurlike hindernisse soos riviere of woude. **Ekonomiese Geleenthede:** • Nedersettings mag ontwikkel in gebiede wat ekonomiese geleenthede bied, bv. mynbou, vervaardiging of handel dryf.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.** • **1 punt** – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie. *Indien slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)* • **2 punte** – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking. • **3–4 punte** – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat bewys dat die onderwerp wat betref konsep en kennis baie goed begryp word. Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.

IEB Copyright © 2024

		• Werksgeleenthede en moontlikheid van 'n bron van inkomste vir die inwoners. **Kulturele faktore:** • Nedersettings mag beïnvloed word deur kulturele faktore soos godsdiens of sosiale oortuigings / sienings.	
	(b) die grootte van 'n nedersetting.	**Hulpbronne:** • Die beskikbaarheid van hulpbronne soos kos, water en boumateriale kan 'n invloed op die grootte van 'n nedersetting hê. • Nedersettings met toegang tot oorvloedige hulpbronne kan wel groter word terwyl daardie nedersettings met beperkte hulpbronne dalk klein mag bly. **Tegnologie:** • Tegnologiese vooruitgang kan ook die grootte van die nedersetting affekteer. **Ekonomiese faktore:** • Ekonomiese faktore soos handel, nywerhede en werksgeleenthede kan die dryfveer wees vir die groei van 'n nedersetting. • Nedersettings wat geleë is in gebied met sterk ekonomieë kan mense lok en groter word. **Politieke faktore:** • Die politieke organisasie van 'n nedersetting kan sy grootte beïnvloed. • Nedersettings wat deel uitmaak van groter politieke entiteite, bv. stede wat deel is van 'n nasiestaat, mag so groei dat hulle prominenter word as gevolg hulle verbintenis met 'n groter stelsel. **Sosiale faktore:** • Sosiale faktore soos godsdiens, kultuur en taal kan ook die grootte van 'n nedersetting beïnvloed. • Nedersettings wat almal dieselfde sosiale eienskappe het sal meer groei en groter word as gevolg van die gedeelde identiteit en 'n gemeenskapsgevoel. **Infrastruktuur:**	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.** • **1 punt** – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie. *Indien slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)* • **2 punte** – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking. • **3–4 punte** – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat bewys dat die onderwerp wat betref konsep en kennis baie goed begryp word. Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.

IEB Copyright © 2024

		• Die beskikbaarheid van infrastruktuur soos paaie, brûe en openbare vervoer kan ook die grootte van 'n nedersetting beïnvloed. • Toegang tot infrastruktuur kan groter nedersettings ondersteun omdat kommunikasie, handel en vervoer moontlik is. **Omgewingsfaktore:** • Omgewingsfaktore soos klimaat en natuurlike rampe kan ook 'n invloed op die grootte van 'n nedersetting 'n invloed uitoefen. • Nedersettings waar natuurlike rampe soos oorstromings of aardbewings voorkom mag klein bly as gevolg van die risiko's wat betrokke is.	
6.2	**Stedelike struktuur en patrone**		
Bestudeer Figure 12, 13 en 14 en gebruik die inligting om die tabel te voltooi.			
6.2.1	Gebruik die inligting in Figure 12, 13 en 14 om die tabel hieronder te voltooi. Skryf die ooreenstemmende nommer in die tabel en jou antwoord neer.		
6.2.1	Voordele	• 'n Beplande onreëlmatige straatpatroon kan 'n unieke karakter tot gevolg hê. • Hierdie gebiede laat baie keer 'n definitiewe indruk en kan beter onthou word deur inwoners en besoekers. • Kan help om die verkeersvloei te bestuur deur strate met draaie en kronkels in te sluit. • Die verkeer word op 'n natuurlike manier stadiger gemaak en die aantal ongelukke word verminder. • Die gebruik van verkeersirkels kan ook help om die verkeersvloei en veiligheid te verbeter. • 'n Beplande onreëlmatige straatpatroon kan vir voetgangers 'n omgewing skep wat interessanter is en waarby hulle betrokke raak. • Die kronkelende strate en verskillende fasades van geboue skep vir voetgangers 'n aangename ervaring. • Die groter verskeidenheid en buigbaarheid van 'n beplande onreëlmatige straatpatroon mag voorsiening maak vir 'n kreatiewer en verskillende benadering tot die stedelike ontwerp.	

IEB Copyright © 2024

		• 'n Beplande onreëlmatige patroon kan ook bydra tot verbeterde volhoubaarheid. • Die gebied kan meer volhoubaar gemaak word en ook beter in staat gestel word om uitdagings in die omgewing te hanteer deur meer onbeboude gebiede, groen infrastruktuur en deurdringbare oppervlaktes te skep.	
6.2.1	Heel moontlik geleë in die stad	Voorstede	
6.2.1	Straat-patroon	Reghoekig	
6.2.1	Nadele	• Eentonig: Die eenvormigheid van 'n reghoekige straatpatroon kan aanleiding gee tot min belangstelling in die visuele aspek en eentonigheid. • Die reëlmatigheid van die uitleg mag dit moeilik maak om voorstede met eie eienskappe / karakter te kan skep. • Reghoekige straatpatrone is ook geneig om te lei tot verkeersopeenhopings. • Min opsies vir alternatiewe roetes wat lei tot meer verkeer op dieselfde paaie. • Reghoekige straatpatrone mag ook fietsry en stap as alternatiewe uitskakel. • Straatblokke mag dit laat voorkom dat afstande verder is as wat dit werklik is. • Dit kan ook moeilik vir voetgangers wees om die strate oor te steek indien daar meer as een baan verkeer is. • Die uniforme reghoekige patroon mag dit moeilik maak om aan te pas by die veranderende stedelike behoeftes. • Dit mag moeilik wees om 'n nuwe kenmerk soos 'n park of openbare ruimte te skep wat by die bestaande straatpatroon sal inpas. • Natuurlike dreineringstelsels mag dalk nie voorkom in gebiede met 'n reghoekige straatpatroon nie.	
6.2.1	Voordele	• Interessanter en esteties meer aanvaarbaar as die eenvormige reghoekige uitleg. • Dit kan 'n unieke karakter en bekoring skep. • Kan baie keer doeltreffender wees in terme van die verkeersvloei. • Kan korter, direkter roetes tussen bestemmings skep.	

IEB Copyright © 2024

		• Verminder verkeersopeenhoping en verbeter veiligheid aangesien motoriste neig om versigtiger te bestuur. • Makliker om in die strate te voet of met 'n fiets te ry.	
6.2.1	Nadele	• Moeilik om jou pad te vind in so 'n gebied en dit mag uitdagend wees vir nooddienste. • Lei tot vertraging in die reaksietyd met moontlike rampspoedige gevolge. • Dit kan ook uitdagender vir stadsbeplanners en ontwikkelaars wees. • Moeilik om onreëlmatige vorms van geboue en erfgrootes te akkommodeer. • Ondoeltreffendheid in terme van die infrastruktuur soos nutsdienste en dienste. • Roetes moet rondom hindernisse gevind word.	
6.2.2	Assesseer watter areas (Figure 12, 13 of 14) die hoogste grondwaarde sal hê.	Figuur 13 SSG Bent Rent Curve	**Een punt (1) vir die area.** **Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** • **1 punt** as die antwoord oppervlakkig is en net algemene kennis en begrip toon. • **2 punte** vir 'n ontwikkelde antwoord wat die inhoud deeglik dek.

IEB Copyright © 2024

VRAAG 7	EKONOMIE VAN SUID-AFRIKA		
7.1	**Terminologie van ekonomiese geografie**		
Pas die woorde in die blokkie hieronder by die gegewe stellings. Skryf slegs die toepaslike woord(e) in die spasie voorsien.			
7.1.1	Die studie van die verband tussen 'n ekonomiese aktiwiteit en geografiese ligging.	**Ruimtelike ekonomie**	
7.1.2	Die konsentrasie van nywerhede en besighede in 'n spesifieke geografiese ligging.	**Agglomerasie**	
7.1.3	'n Geografiese streek wat geoormerk is vir ekonomiese ontwikkeling met verbeterde vervoer infrastruktuur, beleggingaansporings en ander ondersteunende beleide.	**NOS of Ekonomiese korridor**	
7.1.4	'n Ekonomie wat oorheers word deur industrieë in diensverskaffing soos finansies, gesondheid en onderrig.	**Diensteverskaffingsekonomie**	
7.1.5	Te vinde in gebiede naby hawens, lughawens en vernaamste vervoerroetes wat 'n groot potensiaal het vir die ontwikkeling van nywerhede.	**Ekonomiese korridor of NOS**	
7.2	**Landbou**		
Bestudeer die tabel in Figuur 15 hieronder rakende die produksie van mielies in Suidelike Afrika sedert 2020.			
7.2.1	Bepaal die hoeveelheid ton per hektaar (ha) geproduseer in 2021 vir:		
(a)	Kommersiële mielies	5,89	
(b)	Niekommersiële mielies	1,76	
7.2.2	Bereken die verskil in produksie tussen 2021 en 2022 vir:		
(a)	Kommersiële mielies	847 065 minder	
(b)	Niekommersiële mielies	30 560 meer	
7.2.3	Analiseer die verskil tussen die produksie van kommersiële en niekommersiële mielies. Bespreek die belangrikheid van mielies vir voedselsekerheid in Suid-Afrika.	Kommersieel is meer produktief weens: • Beter tegnologie • Meer arbeid • Beter hulpbronne • Meer land • Beter vaardighede	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe antwoord.** • **1 punt** as die antwoord oppervlakkig is en net algemene kennis en begrip toon. • **2 punte** vir 'n ontwikkelde antwoord wat die inhoud deeglik dek.

IEB Copyright © 2024

7.2.4		**Stapelvoedsel:** • Is 'n stapelvoedsel in Suid-Afrika en maak 'n groot deel uit van baie tradisionele diëte. • 'n Hoofbron van koolhidrate. **Beskikbaarheid:** • Redelik maklik om te verbou en kan in baie agroekologiese sones suksesvol verbou word. • Is maklik bekombaar en toeganklik vir baie kleinskaalse boere in Suid-Afrika. **Werksgeleenthede:** • Verskaf baie werksgeleenthede in Suid-Afrika, veral in landelike gebiede. • Verskaf werksgeleenthede vir baie kleinskaalse boere. • Mense werk ook in die prosessering, verpakking en verspreiding van mielies. **Uitvoer:** • Suid-Afrika is 'n hoofuitvoerder van mielies, veral na ander lande in Suidelike Afrika. **Buitelandse valuta:** • Inkomste vir die land en verseker dat mielies beskikbaar is vir mense in ander lande. **Droogtebestand:** • Dit is 'n gewas wat redelik bestand is teen droogte en kan oorleef in droë toestande waar ander gewasse nie kan nie. • 'n Belangrike gewas in dele van Suid-Afrika waar droogtes voorkom, veral in die westelike en noordelike dele van die land.	**Hierdie is 'n konsep vraag** Kandidate moet bewys dat hulle die konsep verstaan. **Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.** • **1 punt** – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie. *Indie slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)* • **2 punte** – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking. • **3–4 punte** – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat bewys dat die onderwerp wat betref konsep en kennis baie goed begryp word. Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.

IEB Copyright © 2024

7.3	**Sekondêre sektor**		
Bestudeer Figuur 16 wat die persentasie bydrae tot die BBP per provinsie van Suid-Afrika wys.			
7.3.1	Bespreek EEN hindernis vir ekonomiese ontwikkeling in Gauteng.	**Ongelykheid:** • Gauteng het van die hoogste vlakke van ongelykheid in Suid-Afrika. • Merkbare verskille in inkomste en toegang tot dienste. • Verminderde aanvraag deur verbruikers wat beperking plaas op potensiële entrepreneurs en beleggers. **Infrastruktuur:** • Redelike goed ontwikkelde infrastruktuur, maar opmerklike gapings in die infrastruktuur van vervoer, energie en water. • Ekonomiese ontwikkeling word hierdeur moeilik gemaak omdat dit moeilik is vir besighede om doeltreffend en optimaal te funksioneer aangesien die toegang tot markte en kliënte beperk word. **Misdaad en veiligheid:** • Gauteng het relatiewe hoë vlakke van misdaad wat ekonomiese ontwikkeling aan bande mag lê omdat beleggings ontmoedig en toeriste afgeskrik word. • Hoë misdaadsyfers kan ook onkostes van besighede laat styg aangesien hulle moet belê in duur veiligheidsmaatreëls. **Tekort aan vaardighede:** • 'n Bevolking met relatiewe goeie onderrigsvlakke, maar daar is nog steeds 'n tekort aan werkers in sommige sleutelsektore, bv. tegnologie en ingenieurswese. • Ekonomiese ontwikkeling kan hierdeur verhinder word aangesien besighede dit moeilik vind om te groei en te innoveer.	**Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe bespreking.** • **1 punt** as die antwoord oppervlakkig is en net algemene kennis en begrip toon. • **2 punte** vir 'n ontwikkelde antwoord wat die inhoud deeglik dek.

IEB Copyright © 2024

		Uitdagings in die omgewing: • Gauteng is 'n streek met merkbare uitdagings in die omgewing, insluitend lug- en waterbesoedeling, ontbossing en gronderosie. Hierdie uitdagings kan ekonomiese ontwikkeling verhinder aangesien dit moeilik vir besighede is om volhoubaar te funksioneer en beleggers word ontmoedig aangesien hulle bekommerd is oor die streek se langtermyn lewensvatbaarheid.	
7.3.2	Bespreek faktore wat die ontwikkeling van nywerhede in Gauteng bevorder.	**Ligging:** • Gauteng is sentraal in Suid-Afrika geleë en die vernaamste vervoerroetes en hawens is bereikbaar. • Gauteng se ligging is dus strategies t.o.v. vervaardiging en verspreiding aangesien dit toeganklikheid van markte dwarsoor Suid-Afrika sowel as buite die grense moontlik maak. **Infrastruktuur:** • Gauteng het 'n redelike goed-ontwikkelde infrastruktuur met 'n netwerk van hoofweë, spoorlyne en lughawens wat die streek verbind met ander dele van Suid-Afrika en die res van die wêreld. • Hierdie infrastruktuur maak dit makliker vir besighede om goedere en grondstowwe te vervoer en maak 'n wye reeks dienste en hulpbronne toeganklik. **Vaardige arbeidsmag:** • Gauteng het 'n redelike goed-opgeleide arbeidsmag met 'n groot aantal vaardige werkers in sleutel-sektore soos ingenieurswese, tegnologie en finansies. • Dit is dus makliker vir besighede om te innoveer en mense te vind wat opgelei kan word.	**Hierdie is 'n konsepvraag** Kandidate moet bewys dat hulle die konsep verstaan. **Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.** • **1 punt** – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie. *Indien slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)* • **2 punte** – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking. • **3–4 punte** – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat bewys dat die onderwerp wat betref konsep en kennis baie goed begryp word.

IEB Copyright © 2024

		Toegang tot kapitaal: • Gauteng het 'n goed-ontwikkelde finansiële sektor wat verskeie finansieringsopsies vir besighede van alle groottes moontlik maak. • Dit sluit waagkapitaal, private ekwiteit, en tradisionele finansiering deur banke in, wat besighede kan help om kapitaal te bekom wat hulle nodig het om in toerusting, infrastruktuur, navorsing en ontwikkeling te belê. **Grootte van mark:** • Met meer as 15 miljoen mense is Gauteng die grootste verbruikersmark in Suid-Afrika. • Die 15 miljoen mense in Gauteng is dus 'n groot en diverse kliëntebasis waarop besighede hulle kan toespits om sodoende groei en winste te dryf. **Ondersteunende beleide:** • Die Suid-Afrikaanse regering het verskeie beleide en aansporings om nywerheidsontwikkeling in Gauteng aan te wakker geïmplementeer. Dit sluit in belastingverligting, subsidies en opleidingsprogramme. • Hierdie beleide kan bydra om besighede se kostes te besnoei en om besighede wat wil uitbrei of in die streek vestig te ondersteun.	Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.
7.3.3	Analiseer die rol wat die regering kan speel in die bevordering van ekonomiese ontwikkeling in Gauteng.	**Investering in infrastruktuur:** • Die regering kan in infrastruktuur van vervoer, energie en water belê om sodoende konnektiwiteit te verbeter en 'n ondersteunende omgewing vir besighede te skep. • Dit sluit in befondsing van nuwe paaie, spoorlyne en lughawens en die opgradering van die bestaande infrastruktuur om die groeiende aanvraag te akkommodeer.	**Hierdie is 'n konsepvraag** Kandidate moet bewys dat hulle die konsep verstaan. **Gee krediet vir 'n redelike en relevante alternatiewe assessering.** • **1 punt** – Die antwoord is grootliks beskrywend met min assessering van die konsep, en die kennis is basies en die begrip mag dalk nie heeltemal akkuraat wees nie.

IEB Copyright © 2024

		Besigheidsvriendelike beleide: • Die regering kan beleide implementeer wat entrepreneurskap, innovasie en belegging in 'n streek sal aanmoedig. • Bogenoemde sluit in belastingaansporings, vermindering van rompslomp (*red tape*), en die daarstel van 'n gunstige gereguleerde omgewing wat die groei van besighede en beleggings sal aanmoedig. **Ontwikkeling van vaardighede:** • Die regering kan in onderwys en programme vir die ontwikkeling van vaardighede belê om sodoende 'n arbeiderskorps te bou wat toegerus is om aan die vereistes van die moderne ekonomie te voldoen. • Bogenoemde kan die befondsing vir beroepsgerigte opleiding, vakmanskap, en programme in hoër onderwys wat mense toerus met die vaardighede wat hulle benodig om suksesvol te wees in die vinnig-veranderende ekonomie, insluit. **Toegang tot finansiering:** • Die regering kan finansierings-programme skep en finansiële aansporings gee wat besighede sal help om toegang te verkry tot die kapitaal wat	*Indien slegs 'n lys met geen verdere detail of verduideliking (MAKS 2 punte)* • **2 punte** – In die antwoord is daar wel assessering maar met oppervlakkige details; die antwoord toon 'n begrip en kennis maar die voorbeelde ontbreek aan die nodige detail en verdere verduideliking. • **3–4 punte** – In die antwoord is daar duidelike assessering met details wat bewys dat die onderwerp wat betref konsep en kennis baie goed begryp word. Enige voorbeelde wat gebruik word is toepaslik en goed in die antwoord bygewerk.
		• hulle benodig om hulle bedryfsbehoeftes te bevredig en om hulle besighede uit te brei. • Voorgenoemde kan lenings met lae rentekoerse, subsidies en belasting-krediete insluit wat besighede sodoende help om hulle finansiële struikelblokke te oorkom en om van die grond af te kom. **Volhoubaarheid van die omgewing:** • Die regering kan volhoubaarheid in 'n streek aanmoedig deur in groen infrastruktuur te belê en deur besighede	

		wat volhoubare praktyke toepas te ondersteun. • Dit kan aansporings vir implementering van volhoubare energiepraktyke, volhoubare bestuur van afvalstowwe en volhoubare grondgebruikspraktyke insluit. **Bevordering van toerisme:** • Die regering kan toerisme in 'n streek bevorder deur in infrastruktuur, bemarking en ander inisiatiewe wat besoekers sal aantrek te belê. • Hierdie stappe sal help om nuwe werksgeleenthede te skep en om ekonomiese groei te stimuleer en terselfdertyd die streek se unieke kulturele en natuurlike aanloklikhede ten toon te stel.	

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2024